

30 April

Skrifgedeelte: Handeling 5:12-42

Fokusgedeelte: Handeling 5:41

Stryd en lyding vir die koninkryk

Jesus Christus se koningskap het in kragtige tekens en wonderwerke sigbaar geword. Daarmee saam kom egter ook die stryd waarin sy kerk op aarde gewikkel is. Die magte van die bose, en daarmee saam ook *die valse kerk van eie belang*, het al hoe meer vyandig begin optree. Die apostels word in die tronk gegooi, maar op 'n wonderbaarlike wyse deur 'n engel van die Here gered. Hoe blind kan 'n mens nie wees nie. Ten spyte van al die duidelike tekens dat die apostels die waarheid verkondig, word hulle deur die Joodse Raad gegésel en uitdruklik verbied om verder in die Naam van Jesus Christus te preek. Hierdie Joodse leiers staan veroordeel in die wyse waarop hulle God se duidelike openbaring en die kragvolle prediking van die apostels, geïgnoreer het.

Die woorde van Gamaliël (*die leermeester van Paulus*) bring 'n belangrike perspektief na vore. Niks en niemand kan die verkondiging van die evangelie stuit nie, want dit is nie mensewerk nie, maar God se werk deur mense. Hulle wat deur die Gees van God gedryf word, ag dit 'n voorreg om selfs vernedering vir God te ondergaan. Te midde van die felste aanslag bly hulle getrou.

Hulle wat bereid is om te stry vir die koninkryk van God, moet ook bereid wees om te ly vir die koninkryk van God. Dit laat die vraag ontstaan: Hoekom is daar so min lyding ter wille van die koninkryk in ons lewens? Is daar dalk te min "stryd" vir die koninkryk in ons lewens?

Sing: Psalm 118:5,7

Ds IW Ferreira (Magol)